

Saterdag 12 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 17 (AFR53)

Fokusgedeelte: Eksodus 17:15-16

Die Here is my banier

Die woord “banier” dui hier nie op ’n vaandel of vlag wat in oorlogstyd saamgeneem en in die stryd vooruitgedra is nie. Dit dui eerder op ’n baken wat op ’n hoogte ingeplant is as waarskuwingsein om die weerbare manne op te roep wanneer oorlogsgevaar dreig.

Deur die naamgewing van die altaar bely Moses dat sy hulp van die Here kom. Die Here, die God van Israel was as’t ware soos ’n opgerigte baken wat sy volk tot die stryd oproep. Dit beteken dat Hy as lewende God ook Israel se sterkte was wat hulle die oorwinning geskenk het. Hierdie altaar mag egter nie net ’n herinneringsteken wees nie, maar ook ’n heenwysing na dit wat nog moet gebeur. Die stryd teen Amalek was nie so onskuldig nie. Die Amalekiete was afstammeling van Esau. Hulle was heidene wat geen ontsag vir die God van die Israeliete gehad het nie.

Amalek se verraderlike aggressie teen die volk van God was duidelik ’n aanslag van Satan. Dit was die eeue-oue stryd tussen die slangesaad en die vrouesaad. Hierdie oorwinning (gedeeltelik) van Josua oor Amalek vind sy vervulling in Christus wie se werk en oorwinning volkome is. Met sy wederkoms sal Satan se mag vir ewig verbreek wees en die gedagtenis van ’n heidendom vir ewig onder die hemel uitgeroei wees.

Sing: Psalm 68-1:1

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)